November 2007
Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Vandag het ons iets om te vier. Dit is nou vyf jaar gelede wat ek die eerste Pretoria brief geskryf het aan 17 mense. Op die oomblik stuur ek die brief maandeliks aan 135 mense. Van die mense stuur dit weer verder aan. Ek wonder hoeveel mense uiteindelik maandeliks die brief ontvang. Dit is wonderlik dat die belangstelling in die geskiedenis van Pretoria nog so sterk is.

---------------------------------------------------------

Pretoria Klub van 1885

Oor die Pretoria Klub wat in 1885 gestig is is al baie geskryf. Daar is selfs twee boeke oor die klub uitgegee. ***Old Ivory and Roses*** deur A.K.W. Atkinson in 1969 en om die 100 jarige bestaan van die klub in 1985 te gedenk het die boek ***Pretoira Club. 1885 – 1985*** van Leslie Delatolla verskyn.

Eerste Pretoria Klub

Oor die voorgangers van die Pretoria Klub van 1885 is bitter min bekend en nog nooit veel oor geskryf nie. Die vroegste verwysing wat ek kon opspoor is in die Staatskoerant van 1871 waarin gemeld word dat die Pretoria Klub ontbind het en dat ‘n bedrag van £1 8s aan alle lede terugbetaal sal word [S 1871-07-25 p4-k2]. Die volgende jaar word aangekondig dat alle oorgeblewe fondse na die Engelse kerk se kerkboufonds oorgedra gaan word [S 1872-04-02 p4-k3]. Wanneer die klub gestig is en wie almal lede was sal seker nooit bekend wees nie. In 1871/73 was Robert Cottle Green die sekretaris van die klub. Die klubgebou was op die noord westelike hoek van Kerkstraat en Kerkplein, waar die poskantoor vandag is.

Kort daarna op 22 September 1873 begin die Kaapse Handelsbank in ‘n kamer van “De Oude Klubgebou” op Kerkplein sake doen [V 1773-09-26 p2-k5] en ‘n jaar later word berig dat die gebou van die ou klub deur die staat gekoop is om te gebruik as Goewerments kantore [V 1874-01-31 p2-k3].

Transvaal Klub

In Augustus 1873 word die Transvaal Klub gestig. President Burgers ontvang erelidmaatskap van die klub [V 1773-08-08 p2-k2].

In 1875 is die klub weer in die nuus. R. Winstanley in sy hoedanigheid as voorsitter van die Transvaal Klub word gedagvaar om £70 te betaal weens onbetaalde lisensiegelde. Die saak dien voor die landdros W. Skinner en heemraad Pretorius, Potgieter, D. Prins en L.R. Erasmus. Omdar William Skinner lid van die klub was moes hy die voorsitterstoel ontruim en L.R. Erasmus het waargeneem as landdros. Hulle het in 1874 geen lisensiegelde betaal vir die verskaf van drank in kleinmaat nie en ook nie om ‘n biljarttafel aan te hou nie. Dan het hulle ook versuim om ‘n opgawe in te dien van die hoeveelheid ingevoerde goedere en die betaling van invoerregte daarop. Na ‘n lang geredekawel is die saak met koste van die hand gewys omdat die landdros slegs bevoeg was om sake van minder as £37 en 10 sjielings aan te hoor [V 1875-01-16 p2-k4].

‘n Paar maande later word berig dat ‘n biljart wedstyd tussen drie Suid Afrikaners en drie Europeers daar gehou is. Byna al die lede van die klub en ‘n paar besoekers was die aand teenwoordig. Die wedstryd is deur die Suid Afrikaners gewen [V 1875-05-08 p6-k1].

Volgens Jeppe se Transvaal Almanak [Jep-01 p61] het die bestuur van die Transvaal Klub in 1877 uit die volgende lede bestaan: J.R. Lys [voorsitter]; N.J.R. Swart; S. Melvill; M. de Vries; J.C. Preller; J.F. Celliers; D.M. Kisch; A. Brodrick; Fred Jeppe [tesourier].

Wanneer die Transvaal Klub opgehou het om te bestaan en waar die klubgebou was kon ek tot dusver nog nie vasstel nie.

<u>Eerste Pretoria Klub</u>

Nadat die Pretoria Klub in 1871 ontbind is, is daar in 1874 ‘n vergadering van ‘n aantal lede van die oorspronklike klub gehou en daar is besluit dat die klub vir nog ‘n jaar sal voortgaan. Die persone teenwoordig was R. Winstanley, M. de Vries, J.C. Preller, J.R. Lys en J.C. Rous [V 1874-07-18 p2-k2 ]. Ek wonder watter interne politiek het hier ‘n rol gespeel of miskien het hulle gesien hoe goed die ander klub sake doen.

‘n Paar weke later is weer ‘n vergadering gehou en J.R. Lys het bedank as voorsitter, R. Winstanley is in sy plek aangewys as voorsitter van die “nuwe” Pretoria Klub. J.C. Rous is aangestel as sekretaris en tesourier in die plek van M. de Vries wat ook bedank het [V 1874-08-08 p2-k5].

Die klubhuis van hierdie Pretoria klub was geleë in die noord westelike hoek van Kerkplein. Reg agter die klubhuis is Pretoria se eerste Stadsaal of Gemeenskapsaal gebou op grond wat deur die klub geskenk is [V 1875-03-06 p6-k5] [V1875-04-10 p5-k1].

In Mei 1877 is daar by die klub ingebreek. Die geldkas wat 18 pond nege sjielings en ses pennies bevat het is leeggemaak. Die geldkas word elke aand onder ‘n platform in die biljartkamer weggesteek. Die dief het by een van die agterste vensters ingekom, die geldkas met ‘n vals sleutel oopgesluit en al die geld gevat. Hy het eers ‘n paar sopies gedrik voordat hy laat spaander het. Die volgende dag is C.J. Olivier van Graaff-Reinett in hegtenis geneem. Hy het ‘n kers en die vals sleutel agtergelaat [V 1877-05-02 p3-k4]. Hy het later op borg van £200 gekry.

**Noord westelike hoek van kerkplein na 1887**




1. Poskantoor
2. Marais Gebou
3. Commercial Chambers
4. Kimberly Hotel met Stadsaal daaragter
5. Ou Skoolgebou

Heel links is die noordelike deel van die Poskantoorgebou met die ingang na die kantoor van die Seviele Kommisaris.

Die volgende drie geboue op die foto is aldrie op erf nommer 320/321 [ou 1558 erfnommer/nuwe 1874 erfnommer]. Die erf het tot 1866 aan Kaptein Struben behoort. In 1866 adverteer hy ‘n huis op Kerkplein te huur. Sinkdak met 8 kamers + kombuis + Winkel + Kantoor. Daar is ‘n muur rondom die erf en ‘n tuin met vrugtebome [S 1866-12-12 p4-k2]. Die is die middelste gebou en die winkel regs daarvan. Die erf is later deur P.J. Marais gekoop.

Die winkel het deur die deur die jare verskeie eienaars/huurders gehad. In 1875 gaan P.J. Marais oorsee en plaas die volgende advertensie in De Volksstem: Winkel op Kerkplein te huur. 15ft x 21ft met stoep. Winkel 11ft x 15ft, stoor 30ft x 11ft, kantoor 11ftx 11ft [V 1875-03-06 p6-k4]. Die Standard Bank open in 1877 ‘n tak in Pretoria. Volgens ‘n koerantberig is dit in die Marais gebou tussen die Poskantoor en die gebou van De Vries & Marais [V 1877-05-16 p3-k2].

Die middelste gebou met die groot stoep was oorspronklik ‘n woonhuis maar het later bekend gestaan as die “Commercial Chambers”. Verskeie persone het hul kantore in die gebou gahad. Op die foto is die middelste naambord die van Kuranda & Marais. Hul advertensie lui “House estate and other business transacted. Properties bought and sold. Moneys invested, estates liquidated. Cases conducted before the lower and circuit courts in the Republic, for which purpose the services of an experienced lawyer have been secured. Also conveyancing and notarial work done” [Dun-01 p41].

In 1892, toe die Commercial Chambers afgebreek is om plek te maak vir die Nasionale Bank-gebou, het Kuranda & Marais na die Transvaal Mortage en Loan Building geskuif. In 1899 was Melt Marais van die gewese firma in die Erasmus Gebou.

Die volgende gebou is die Kimberly Hotel, in 1889 was die eienaar J. Cavanagh en die bestuurderes mev. M. Walsh. Voordat dit 'n Hotel geword het was dit in 1875 die K**lubgebou van die Pretoria Klub.**

Dr. Leyds, die staatsekretaris, het vir 'n tydlank in die huis gewoon. In 1891 het hy sy huis, wat intussen as die Kimberley Hotel bekendgestaan het, aan die Nasionale Bank verkoop wat dit voorlopig laat herbou het [Rex-2 p22].

Agter die hotel is Pretoria se eerste Stadsaal. Reeds in 1873 [V 73-10-03] was die dames van Pretoria besig om geld in te samel vir die oprigting van 'n gemeenskapsaal. In 1875 [V 75-02-27] word die eerste vergadering gehou om die bou van die saal te bespreek en in 'n paar maande later [V 75-05-08] word tenders gevra vir 150,000 stene vir die bou van die saal. Intussen het die Pretoria klub [V 75-03-06] besluit on 'n gedeelte van hul grond af te staan vir die bou van die saal. Dit is die gebou met die spitsdak en ventilators. Dit word beskryf as 'n lang gebou met 'n goeie verhoog en 'n groot voorraad dekor. Die auditorium is lank en smal met opgestopte stoele met ruglenings. Daar is sitplek vir 300 mense en is veral geskik vir opvoerings [Dun-01 p40].

Een van die geboue agter die Klubgebou was in 1875 die Staats Drukkery [V 1875-11-06 p5-k3]. In 1877 word die drukkery die woonhuis van Schuurman [V 1877-05-16 p6-k1].

**<u>Kerkplein en Vermeulenstraat na 1904</u>**



Die huis met die twee sipresbome voor was die klubgebou van die Pretoria Klub wat in 1885 gestig is. Die groot gebou reg agter in Vermeulenstraat is die nuwe klubgebou. Hierdie foto is heelwat na 1900 geneem, kyk na die moterkar regs van die fontein. Ek sal later meer breedvoerig oor die foto skryf.

Daar bestaan ‘n groot wanopvatting nl. dat die huis regs van die kerk [wat later die Pretoria Klub sou word] die huis van **Kaptein Struben** was. Volgens Rex [Rex-03 p246] het erf nommer 290/277 op die noord oostelik hoek van Kerkplein en Markstraat in 1859 behoort aan Eizel of moontlik G.E. Izel. Hy het dit aan H.W.Struben, die seun Kaptein Struben, verkoop wat ‘n huis daar gebou het. Die huis van H.W. Struben het in later jare die Pretoria Klub geword.

Die erf wat wel aan Kaptein Marinus Struben behoort het was erf nommer 320/321 aan die noordekant van die huidige poskantoor [sien eerste foto]. Hy het die erf vroeg in 1857 gkoop en in 1859 ook die twee aangrensende erwe, 286/273 en 287/274 in Vermeulenstraat. Of hy die huis op die erf gebou het en of daar reeds ‘n huis op die erf was toe hy dit gekoop het, is nie seker nie. Op hierdie erf het Kaptein Struben vir baie jare gewoon en sy winkelbesigheid bedryf [Rex-03 p244].

**<u>Bronne geraadpleeg</u>**

Atk-01 Atkinson, A.K.W. **Old Ivory and Roses**. Wallach's Printing & Publishing Co. 1969

Del-01 Delatolla, Leslie **Pretoira Club. 1885 – 1985**. V&R. Pretoria

Dun-01 Lola Dunston **Young Pretoria 1889-1913.** Lola Dunston Pretoria 1975

Jep-01 Jeppe, Fred **Transvaal Book Almanac and Directory for 1877** Rep. Staats Biblioteek Pretoria

Rex-03 Rex, H.M. **Geskiedenis van die Eerste Ou Goewermentsgebou en sy Voorlopers in Pretoria.** 1956 MA Verhandeling. Universiteit van Pretoria

S = **Staatskoerant**

V = **De Volksstem**

Groete tot Volgende maand

Rosa Swanepoel